

Skout-Admiraal/Rear-Admiral
J.C. Walters, SM

Johan Charl Walters is op 9 Januarie 1919 te Moorreesburg gebore.

Na sy skoolopleiding is hy na die Suid-Afrikaanse Opleidingskip Generaal Botha waar hy op 31 Desember 1936 die Generaal Botha-sertifikaat verwerf. Gedurende die tydperk 1937 tot September 1940 dien hy as kadet in die handelsvloot aanboord SS City of Yokohama, SS City of Newcastle, en weer eens SS City of Yokohama.

In September 1941 is hy aangestel as Tweede in bevel van SMSAS OOSTEWAL. In November 1941 word hy bevelvoerder van SMSAS NATALIA. Hierna volg verskeie ander bevelsposte tot hy aan die einde van die Tweede Wêrldoorlog Offisier -in-beheer van skepe uit diens te Saldanha word.

Na sy toetrede as offisier tot die Staande Mag, word hy in Augustus 1946 bevelvoerder van SMSAS BARBRAKE en in Desember 1946 bevelvoerder van SMSAS BARCROSS. Verskeie ander aanstellings as navigator, tweede in bevel en bevelvoerder van verskeie skepe volg.

In 1957 is hy aangestel as bevelvoerder en in beheer van opmetings, SAS NATAL. In November 1963 word hy assistent hidrograaf en in Januarie 1964 hidrograaf SA Vloot. Hy het hierdie pos beklee tot hy in Mei 1975 aangestel is as Hoof van Vlootstaf Logistiek.

Admiraal Walters is getroud met Aletta Latsky en die egpaar het 'n dogter en twee seuns.

Johan Charl Walters was born in Moorreesburg on 9 January 1919.

After leaving school he attended SATS General Botha where he obtained the General Botha Certificate on 31 December 1936.

During the period 1937 to September 1940 he served as cadet in the merchant navy aboard SS City of Yokohama, SS City of Newcastle and again SS City of Yokohama.

In September 1941 he was appointed as second-in-command of HMSAS OOSTEWAL. In November 1941 he became officer commanding HMSAS NATALIA. Various other command posts followed. At the end of the Second World War he was appointed as Officer-in-Charge of ships not in commission at Saldanha.

After his joining the Permanent Force, he was appointed officer commanding HMSAS BARBRAKE in August 1946 and in December 1946 he became officer commanding HMSAS BARCROSS. Various other appointments as navigator, second in command and officer commanding of other ships followed.

In 1957 he was appointed as officer commanding and in charge of surveys SAS NATAL. In November 1963 he became assistant hydrographer and in January 1964 hydrographer SA Navy. He served in this capacity until May 1975 when he was appointed as Chief of Naval Staff Logistics.

Admiral Walters is married to Aletta Latsky and they have a daughter and two sons.